# HOOFSTUK 1.

## 1. INLEIDING EN MOTIVERING.

### 1.1 INLEIDING.

Daar kan met reg beweer word dat daar geen eksisten= sialisme as denksisteem bestaan nie, maar net eksis= tensie-filosowe. Die verskille bestaan nie net in teïstiese en ateïstiese denkrigtings nie, maar daar kom ook diepgaande verskille tussen medestanders voor. Heidegger se filosofie verskil netsoveel van Sartre as wat Marcel van Loen verskil. Daar bestaan egter sekere gemeenskaplike kenmerke wat onderskei kan word. Dit gaan om die eksisterende mens, dit is 'n opstand teen rasionalisering, die oorwegende klem op vryheid, die tydelikheid van die mens, die mis= kenning van die God van die Skrifte, ensovoorts.

Die krisisdenke - het ten spyte van verskille, 'n groot invloed op die denke van die moderne mens, en daarom is dit van aktuele belang ook vir die opvoe= ding en onderwys. In dié verband skryf Roberts : "Here we see individuals facing tragedy without hope of salvation. We see them standing in utter loneli= ness and staring at bleak emptiness. And as Christians we need to understand these atheïsts because unlike more complacent modern thinkers, they are honest enough to voice that sense of despair which is so widespread in our world. They speak in

fact for millions of our contemporaries for whom God is dead. They tear away the masks of optimism, self= confidence and indifference." (Roberts, 1957, p. 5).

In die bemoeienis met leerlinge is dit opvallend dat daar by die jeug 'n behoefte bestaan vir dinge van blywende waarde. Vir die Christen-opvoeder bied die eksistensie-filosofie 'n besondere uitdaging. Tot die verval, die afvalligheid en die dekadensie van die twintigste eeu het die denke van die eksistensialisme 'n groot bydrae gelewer. Dit sou dus skromelike ver= suim wees as die Christelike onderwys hom nie verge= wis van die implikasies van hierdie denkrigting nie. Dit geld ook die evaluering daarvan in die lig van Gods Woord en die omlyning van die taak van die Chris= telike skool ten opsigte van die gevare wat die denk= rigting inhou.

Dit is dus nodig om, in die lig van die negatiewe im= plikasies van die eksistensialisme en die wydver= spreide invloed wat dit op die opvoeding en onder= wys het, om rekenskap te gee van wat die Christelike opvatting is met betrekking tot die opvoeding, en om dit te stel teenoor die eksistensialistiese siening. Die gebruik van die fenomenologiese metode en die ontkenning van die God van die Skrifte, bring mee dat hier geen sprake van relasie tot God is nie en

vandaar die neutraliteit.

Die opvoeder is 'n mens en die mens is 'n religieuse wese wat in relasie tot God staan. Die opvoedings=aktiwiteit is 'n harte-aktiwiteit wat bepaal word deur die rigting van die hart - wel of nie gehoorsamend aan die wet van God. Geskape as dienende koningskind het die mens die opdrag om te heers en te beheers, alles wat God geskape het, dus ook die medemens (kind). Roepingsvervulling is sy bestemde taak. Alleen in die lig van die Woord kan die roeping ver=staan word en kan 'n veranderde siening omtrent die opvoeding en onderwys teweeggebring word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING.

Die kern van die probleem is : Wat is die plek van die Woordopenbaring in die opvoedingsgebeure? Kom die Skrifwaarhede tot hulle reg in die eksistensia=lisme?

Word die Woordopenbaring waarin God Homself, sowel as sy verhouding tot alle dinge openbaar deur hulle eksistensiële subjektiewe benadering misken? Word die radikale verskeidenheid wat God in die kosmos gelê het en waarin hy as soewereine Regeerder oor en Skepper van mens en kosmos heers, raakgesien? Kan 'n uitgangspunt wat lei tot die verabsolutering

van die eksistensie, 'n getroue totaalbeeld van die tydelike werklikheid gee? Volgens die Christelike siening sou geen ander uitgangspunt as die Christe=like 'n totaalbeeld van die werklikheid gee nie. Waar dit oor 'n verabsolutering gaan, kan dit daartoe lei dat die werklikheid skeef getrek word.

Die Christelike wysbegeerte verskaf 'n wetenskaplike en verifieerbare kosmologie en antropologie. Hier=die kosmologiese en antropologiese gegewens is vir die opvoeding en onderwys van kardinale belang. Op=voeding het te make met die "op-voed-ing" van die mensekind in die betrokke kultuur-historiese omgewing waarin hy hom bevind. Kan antwoorde wat voortvloei uit opvoedingsvraagstukke soos die met betrekking tot die lewe waarvoor opgevoed word, die uiteindelike doelstelling van die opvoeding, die aard en wese van die opvoedeling, ensovoorts, beantwoord word deur die eksistensialis? Op soortgelyke wyse sal ook die vrae na (en antwoorde daarop) die sin van die opvoeding, die noodsaaklikheid, moontlikheid en grense daarvan, vrae na inhoud en metode, vryheid en gesag, die on=derwyser en sy taak inderdaad die volle spektrum van vrae wat rondom die opvoedkunde en opvoeding verrys, beantwoord moet word.

Die mens is deur God geskape met die taak en verant= woordelikheid om by te dra tot vervulling van die bestemming van die mens en kosmos. Opvoeding is ook deel van hierdie taakvervulling. Dit is religieuse diens aan God wat in die lig van sy Woord beoefen moet word. Die Christen-opvoeder beproef dus sy op= voeding aan die Woord van God en verabsoluterings van iets uit die kosmos moet hy beveg omdat hy weet: "in U lig, sien ons die lig." (Ps. 36 : 10). Die Christen-opvoeder sal daarom die hele werklikheid in sy totaliteit ondersoek en nie net 'n deel (eksisten= sie) daaruit haal om tot die werklikheid te kom nie. Slegs in die lig van die waarheid van die Woord sal hy die kosmos en elke aspek van sy aktiwiteit kan verklaar. Kan die eksistensialisme met sy verabso= lutering van die menslike eksistensie, vryheid, ens., aanvaar word? Kan 'n volk wat Christus bely, sy op= voeding en onderwys op eksistensialistiese grondslag beoefen, sonder dat dit 'n verloëning van sy belydenis sal wees?

## 1.3 BEGRENSING VAN DIE STUDIEVELD.

Dit sou uit die aard van die saak onmoontlik wees om die hele denkrigting met sy groot verskeidenheid te oorsien binne die perke van hierdie verhandeling. Sekere beperkinge is dus nodig en onvermydelik.

Eerstens word net aandag gegee aan die denke van sekere eksistensie-filosowe. Die eksistensie-filosowe wat bespreek word, is eerder op logiese as kronologiese grond gekies. 'n Verdere bespreking het egter ook nodig geblyk. Om die volle implikasies van elke aspek van die eksistensialisme in die studie te betrek sou ons nog op 'n te wye veld stuur. Die etiese problematiek wat deur die eksistensialiste na vore gebring word, sou 'n studie op sigself reg=verdig en daarom sal dit nie hier volledig bespreek kan word nie. Alhoewel Gunter tereg beweer dat daar op die ateïstiese eksistensialisme van Sartre geen opvoedkunde gebou kan word nie. (Gunter, 1964, p. 278), is daar in die ateïstiese eksistensialisme kernvrae wat elke opvoeder tot nadenke roep. Sartre se leer van die eksistensialisme trek soveel mense aan omdat dit 'n tipiese moderne lewensbesef vertolk. Die moderne lewensbesef is akosmies, want dit open=baar 'n gevoel en bedreigdheid, vervreemding, on-tuis-te-wees, ensovoorts.

In hoofstuk twee word enkele verteenwoordigers kort=liks bespreek terwyl daar ook aandag gegee word aan sekere belangrike kenmerke van die eksistensialisme.

Ofskoon die eksistensialiste feitlik geen direkte verwysing na die onderwys en opvoeding maak nie, moet daar gepoog word om die opvoedingsleer van die eksistensialisme by implikasie af te lei. Dit word in hoofstuk drie gedoen.

Aangesien mens-wees ewe-eens onlosmaaklik verbonde is aan standpunt en evaluasie, word die positiewe en negatiewe waarde van die verkreë implikasies in hoofstuk vier krities geëvalueer en veral met betrek=king tot die Christelike opvoeding. Dit is dus nodig om die hooftrekke van die implikasies van die geloof in God as fondament vir die opvoeding met sy ooreen=stemmende inhoud en doel aan te dui. Dit is dan ook nodig om die kosmologiese, antropologiese, kenteore=tiese en metodologiese uitgangspunte soos wat dit geopenbaar word aan te dui, alvorens daar in hoof=stuk vyf gepoog word om die taak van die Christe=like skool ten opsigte van die gevare van die eksis=tensialisme, in besonder op sedelike gebied, uit te lig.

## 1.4 DIE METODE.

Die uitgangspunt by hierdie ondersoek is soos reeds aangedui die Woord van God. Dit beteken dat die Woord dit wat ondersoek word, verlig. Daar word

nie net gepoog om met blote beskrywing die veld van ondersoek weer te gee nie, maar daar word ook getrag om die resultate te ondersoek met volle inagneming van wat God in sy Woord in verband daarmee openbaar. Die Woord het dus 'n funksie met betrekking tot die veld van ondersoek sowel as tot die ondersoeker. Hierdie beginsels bepaal dan die metode wat gebruik word in die ondersoek. Daar sal ook, soos die situ=asie dit vereis, gebruik gemaak word van die anali=tiese en die vergelykende metodes.

## 1.5 DIE BRONNE.

Dit is nodig om na die werke van die eksistensie-filo=sowe self te gaan. By die bespreking van Heidegger, Sartre, Jaspers en Marcel is daar ook van Nederlandse en Engelse vertalings gebruik gemaak. By die bespre=king van die wesenskenmerke van die filosofie is daar ook veelvuldig gebruik gemaak van gesaghebbende werke van skrywers soos B. Delfgaauw, O. Pedersen, S.U. Zuidema, C.A. van Peursen, H.J. Blackham en ook J.H. van Wyk.

Aangesien die eksistensie-filosowe feitlik geen direkte verwysing na die opvoeding en onderwys maak nie, is daar by die bespreking van die opvoedings=leer soos dit by implikasie blyk, hoofsaaklik van

die werke van G. Kneller, V.C. Morris, J.H. van Wyk en C.F.G. Gunter, gebruik gemaak.

By die kritiese evaluering is veral gebruik gemaak van die werke van G. Brillenburg Wurth, H.G. Stoker en J.M. Spier wat die Christelike wysbegeerte aanbe= tref. J.H. van Wyk, B.C. Schutte, H.J. Strauss en J.J. Fourie se geskrifte oor die Christelike opvoed= kunde was 'n belangrike bron van studie.